# DIE TEOLOGIESE SKOOL: SY VYF-EN-SEWENTIG-JARIGE BESTAAN.

Die direksie van „Koers" het besluit tot die uitgee van 'n spesiale nummer gewy aan die heuglike gebeurtenis dat die Teologiese Skool van die Geref. Kerk in Suid-Afrika op 29 November 1944 sy 75e verjaarsdag mag herdenk. Prof. S. du Toit tree vir hierdie nummer op as die verantwoordelike redakteur, en die direksie en lede van „Koers" wil hiermee hul waardering en dank uitspreek aan hom vir die behartiging van hierdie uitgawe.

Namens die direksie en lede wil ondergetekende aan die oprigters en bestuurders van die Teologiese Skool sy hartlike gelukwense oorbring. Ook dink ons in hierdie verband aan die ry van bekwame en godvresende manne wat die een na die ander, en soms 'n hele paar tegelyk, die onderwys aan die inrigting behartig het. Die Here het die inrigting tot dusver geseën met manne wat in die vrese van Sy Heilige Naam en tot diens van die kerk van Christus hul dure taak op hulle geneem het. Die inrigting is onder die genadige beskerming van die Vader die droefheid en ellende gespaar van manne wat na die wysheid van hierdie wêreld die Gerefor-

meerde waarheid, soos deur Hom geopenbaar in Sy Woord, bewus en onbewus ondermyn. Dit is *die* skool van die Geref. Kerk en daarom verheug alle lidmate van die kerk hulle in sy rotsvastheid en getrouheid aan Gods geopenbaarde waarheid, maar ook in sy groei en bloei tot die eer van die Here.

Met die opening van die Teologiese Skool op 29 November 1869 het ons Gereformeerde Kerkvaders hulle verheug in die genadeblyk van die Here. Nog vandag is dit die gedagte van elke Gereformeerde lidmaat wat daardie gedenkwaardige dag gedoen en gesê is. Ek wil ten slotte net 'n paar gedagtes uit die „Verslag van de Opening der Theologische School te Burgersdorp" hier aanhaal: „Mijne gedachten zijn niet ulieder gedachten. (Jes. 55: 8a). Dit woord vond zichtbaar dezer dagen vervulling in de Ger. Kerk van Zuid-Afrika. Wie toch had het zich in de verte durven voorstellen, dat genoemde Kerk, zoo gering, zoo zwak, zoo onaanzienlik, ja zelfs zoo veracht en bespot door velen, vóór ruim tien jaren begonnen, dagen als dezen van 26—29 November zoude beleven. Neen, voorwaar! ieder oprecht lid in, en ieder onbevoordeeld vriend buiten, de Kerk zal het met ons beamen: „dit werk is van den Heere geschiedt, en het is wonderlijk in onze oogen." Ook hier heeft de Heere Zijne kracht in menschelijke zwakheid willen volbrengen. Ook hier—zo als tallooze malen in de geschiedenis des menschdoms—behaagde het Hem, Zijne macht en heerlijkheid juist in het geringste en onaanzienlijkste schitterend te openbaren." Dit is nog vandag die roem en belydenis van elke opregte Geref. lidmaat. Aan God alleen die eer en die dank.

Namens Direksie en Lede van „Koers,"

J. CHR. COETZEE (voorsitter).

29 November, 1944.